### *Die oudstes kan geen besluit neem nie*

**53** **Giwar** sê: "Waarlik, ek moet julle wysheid prys! Ons lewe en werk nou al so lank saam en tog het daar nog nooit `n geleentheid hom voorgedoen om julle, my metgeselle, op `n wyse soos wat hom nou hier voorgedoen het, te leer ken nie. Dit verheug my dan ook in die besonder dat ek julle as mense in plaas van dom tempelknegte in my geselskap het. Nietemin bly die verskyning van die timmerman as die mees buitengewone wat ooit, solank die aarde deur mense bewoon was, deur menslike sintuie waargeneem is. Daarby versink `n mens met al sy duisendjarige belewenisse en gesigte in die niet! `n Henog kan by die geestelike bedelvolk gerangskik word; Abraham, Isak en Jakob, Moses, Aäron en EliJaH was arme swoegers teen ons vergeleke! Eén dag skenk ons nou meer wonderbaarliks en ongehoords as wat alle oer- en aartsvaders ooit beleef het!

[2] Ek het gister self en ook al vandag op `n afstand in die geheim waargeneem wat daar alles in en buite die huis van die ou Josef gebeur het. Ek sê julle: slegs wonders en nogmaals wonders! Twee sigbare, volmaakte lewende engele dien hom! Die vrou van Festus was in Kapernaum en die timmerman wou haar by die oggendete hê, maar dit sou byna vier uur geneem het om haar van Kapernaum na Násaret te bring. Maar wat gebeur daar? Die timmerman wink die twee engele nader. Hulle verdwyn enige oomblikke later en verplaas die heel blymoedige en mooie Lydia, die vrou van Festus, na Násaret! - Wat sê julle daarvan? Dit is tog duidelik bo ons verstand?!"

[3] **Die oudstes** vra: "Wat het jy nog verder gesien?"

[4] **Giwar** sê: "Julle ken die dogter van Jaïrus tog goed en julle weet ook dat sy tweemaal gesterf het, en dat sy die tweede maal al `n paar dae in die graf gelê het. Maar wat julle nie weet nie, is dat hierdie Sarah, die hemels mooie dogter van Jaïrus, die vrou geword het van Borus! Is dit nie ongelooflik dat `n tweemaal totaal gestorwe vrouelyk, die vrou van `n man kan word, en dan nog op `n manier waarop die aarde nog nooit `n huwelik meegemaak het nie?! Toe die Seun van die timmerman haar seën, sê Hy dat die hemele moet open en `n tallose skare vul die lug en loof Elohim omdat Hy die mense die eer en barmhartigheid toegestaan het. Toe die paartjie deur JaHshua geseën was, sluit die hemele haar weer op `n sigbare teken van die Timmerman en slegs die twee engele bly soos wat hulle voorheen was, en soos wat julle hulle hier in die sinagoge kan sien, dat hulle daar vlakby die deur staan as twee hemels mooie jongmanne. Kyk na hulle en sê of hulle êrens anders vandaan kan kom as maar slegs uit die hemele!

[5] As dit vir almal nou so wonderbaarlik is, wat niemand van ons kan ontken nie, waarom sal ons die Seun van die timmerman dan nie as iets hoër beskou as `n leerling van die Esseners nie? Na my wete kon Hy hulle trouens nooit gesien het nie, omdat Hy nog nooit uit hierdie omgewing weggegaan het nie, behalwe `n paar keer met Sy vader en Sy broers na Jerusalem en, glo ek, één keer na Sidon om daar `n huis te bou; maar verder was Hy altyd tuis.

[6] Hoewel dit bekend is dit Hy altyd `n stil, teruggetrokke werker was en dat mense Hom selfs ietwat onnosel gevind het, weet `n mens tog ook dat daar vanaf sy geboorte tot ongeveer Sy twaalfde jaar heel vreemde dinge by Hom voorgekom het. Selfs Sy geboorte moes heel wonderbaarlik gewees het - volgens die verhaal van die Romeinse owerste Cornelius, wat dit kort gelede by `n feestelike geleentheid in Kapernaum aan my vertel het!

[7] As die sake dan nou só daar uitsien, dan vra ek tog heel ernstig of `n mens nog moet aarsel om hierdie JaHshua nie ten minste as `n Seun van Elohim aan te neem nie. Wat Hy doen en soos wat Hy die engele beveel en soos wat hulle Hom op Sy wenke dien, dit alles gee tog alle grond vir die gevolgtrekking **dat die volheid van die OerGees van Elohim regtig in hierdie JaHshua moet wees!**

[8] Maar as dit so is - wat Sy dade en leringe aantoon - dan weet ek werklik nie waarom ons nog voortgaan **om die dooie Ark aan te hang nie, terwyl die Lewende hier handel en wandel!** Vir die skyn kan ons voor die volk bly soos wat ons nou is, sodat dit nie te opvallend sal wees nie, maar in ons harte sal ons almal definitief Sy kant moet kies!"

[9] **Die wyse oudste** sê: "Alles of niks! Want as die goddelike in Hom is, dan sal Hy elke halfgebaktheid verafsku; as dit egter nie in Hom is nie, dan is dit tog beter om by die Ark te bly met `n lewendige herinnering aan haar vroeëre toestand as om iets aan te neem waarvan mens die oorsaak nie ken nie!"

[10] **Giwar** sê: "Daarom sal ons vir julle die saak ondersoek, want vir my is dit egter nie nodig nie. Ek is op hoogte en weet presies wat ek doen as ek Hom volg."

[11] **Die oudste** sê: "Dink jy dan dat die tempel geen stappe sal neem as die gemeente en plekke die een na die ander soos ryp vrugte van `n boom van haar afval nie? Ek glo dat die tempel beslis nie lank op haar sal laat wag om haar strafpriesters na alle plekke uit te stuur nie! En wee dan die afgevalle mense, hulle sal bitterlik met allerhande dinge geplaag word! Met hulle wat die leer van die wyse Grieke aangeneem het, sal dit nog beter gaan as met die leerlinge van JaHshua. Veral as hy nie heeltemal `n Judeër en nog minder Griek is nie, en as hulle wel bewus word dat hy, of minstens enigeen van hulle, die slegte en nou algeheel niksseggende tempelinstituut en haar gewyde misterie heel goed leer ken het!

[12] Ek sê vir julle: niks sal die tempeldienaars nou in `n groter, natuurlik geheel en al in die geheim gehoude, maar vir ons des te gevaarliker, onrus bring nie - as die duidelik profetiese gedrag van JaHshua en sy leerlinge nie! En so `n onrus sal alle satanstreke oproep om die leer te vernietig wat die ondergang van die tempel voorspel het.

[13] Of het julle nie die vorige jaar gesien wat die tempeldienaars met `n Griek gedoen het wat die mense vertel het dat die manne in die tempel nou ook Romeinse silwer- en goudgeld as offergeld aanneem nie, terwyl daar behalwe die munte van Aäron nooit ander geld aangeneem mag word nie? Wel, die manne het hom met beloftes van winste in die tempel ingelok en toe die manne hom op hierdie slinkse manier in die tempel vasgetrek het, is hy dadelik op `n manier om die lewe gebring wat nie eers in die kronieke voorkom nie! - Daarom moet groot versigtigheid aan die dag gelê word! Ons het die keuse tussen om heeltemal Grieks te word en ons dan met liggaam en siel aan te pas en om by die leerlinge van JaHshua aan te sluit, of om te bly soos wat ons is, want aan halfgebaktheid het ons niks nie!"

[14] **Giwar** sê: "Jy het gelyk in soverre dit die wêreldse versigtigheid vereis. Maar onder ons van man tot man gesê: As hierdie skynbare timmerman regtig die beloofde Messias en dus - soos wat Dawid Hom in diepste eerbied noem - **JaHWeH Self is**, moet ons dan nog langs `n slinkse weg Sy leerlinge word? Is dit dan nie beter om onsself dadelik onder Sy hemelse vaandel te skaar nie en om ons nie deur die streke van satan te laat afskrik nie? Ons kan deur Hom tog heeltemal verseker wees van die ewige lewe, gestel dat ons die kort, armsalige aardse lewe, wat maar baie kort duur, in die wind slaan?!"

[15] By hierdie voorstel van Giwar hou almal hul asem op en weet nie meer wat hulle nou moet doen nie.

### *Die raad van die engele aan die tempeldienaars*

**54** Toe kom die twee engele na hulle toe en sê: "Giwar het van sy kant af goed gepraat en, oudste, jy het gelyk deur te sê dat die mens heeltemal vír Elohim sou moet wees, omdat Elohim elke halfgebaktheid verafsku! Maar ons sê vir julle as Sy getuies uit die hemele: Wees nie bang vir hulle wat julle siel nie kan doodmaak nie, maar vrees baie meer vir Hom wat Meester is oor alle lewe in die hemel en op aarde! **Sonder Hom is daar geen lewe nie, nóg in die hemel nóg op aarde**! Laat julle daarom deur ons, Sy waaragtige getuies uit die hemele, raad gegee word om dit te doen wat vriend Giwar julle aangeraai het."

[2] **Die oudste** sê: "Vriendelike jongmanne, wie is julle dan, dat julle julself teenoor ons 'getuies uit die hemele' noem?"

[3] **Beide** sê: "Vra dit aan Giwar, wat Festus se vrou uit Kapernaum gesien het toe sy gaan haal is, en hy sal julle sê wie ons is!"

[4] **Die oudste** sê: "In hierdie geval hou alle bedenkinge op, die tempel moet die rug toegekeer word!"

[5] **En beide** sê: "Nie op hierdie manier nie, liewe vriende, want die Meester is in alles regverdig! As julle in julle hart Hom toegedaan is, dit in julle lewe toepas, en glo dat **slegs deur Hóm die Skrif vervul word en vir die grootste deel al vervul is**, dan doen julle genoeg. Maar bly verder wat julle is, sodat die dienaars van die wêreld en van duiwels, waarmee die tempel volgeprop sit, nie voortydig gewek word nie! Leer die volk oor Moses en die profete, en hou julleself by die ware gebod van Elohim. Maar weerhou julle van die wêreldse voorskrifte van die tempel asof hulle nie bestaan nie, dan sal julle daardeur net so goed Sy leerlinge wees as hulle wat Hy uit die vissers geroep en uitgekies het."

[6] Oor twee dae sal julle egter `n nuwe owerste uit Jerusalem kry, wat in die begin die tempel baie sal aanhang. Later sal daar heel goed met hom te werk gegaan word en hy sal vir geld uitsondering op uitsondering toestaan, want sy eie geloof aan die tempel is nog nie so groot soos `n sonnestoffie nie en sodoende sal julle nie baie moeite daarmee hê nie. Jaïrus is stil en gaan leef en woon by sy skoonseun in sy huis. Sê egter niks aan die nuwe owerste van al die wonderbaarlike wat hier plaasgevind het nie!"

[7] **Giwar** sê heel eerbiedig: "Dienaars van Elohim uit die ryk van die Lig en die Ewige Lewe! Die raad wat julle ons volgens die barmhartigheid van die Meester gegee het, is heeltemal goed om uit te voer, maar vir myself sou ek tog iets beter wil hê! Wat dink julle daarvan as ek self, as leerling, myself geheel en al by die leerlinge sou aansluit?"

[8] En **beide** sê: "Elke mens op aarde is vry en kan doen wat hy wil, en glo en sê wat hy wil; maar as iemand, soos wat julle nou, uit die hemele die barmhartigheid geskenk word om raad te kry, dan doen julle goed as julle dit navolg. Die leerlinge, wat nog steeds by die Meester is, sal nog tye van groot versoeking meemaak, waarin hulle ook in die vuur geestelik staande sal moet bly, en dan sal baie swak word en afval! Julle sal dit egter makliker hê en in alle rustigheid diegene kan bereik wat die leerlinge in groot angs en onder vervolging bereik het! Giwar, jy kan nou doen wat jy wil, maar vir jou is dit beter as jy in jou pos bly."

[9] **Giwar** sê: "Ja, ek sal bly, maar solank die Meester nog hier sal wees, sou ek tog graag in sy omgewing verblyf wil hê en nog baie van Hom wou hoor en sien! Kan ek dit ook nie later doen nie?"

[10] En **beide** sê: "Ag, dit kan jy wel doen, hoewel die Meester hier nie baie sal sê en nog minder iets besonders sal doen nie, omdat die mense hier byna sonder geloof is en dink dat die Meester `n towenaar is. Maar julle sal voldoende geleentheid hê om hierdie mense bietjie vir bietjie op te voed, waarvoor die Meester julle loon nie sal terughou nie. Vandag teen die aand sal Roban ook weer na julle toe kom en belangrike getuienisse ten gunste van JaHshua, die Meester lewer, en vir julle saambring en julle sal in hom `n baie verstandige en wyse leier hê, want Roban is een van die grootste geeste onder julle." - Na hierdie woorde verwyder beide die engele hulleself en voeg hulle weer by ons geselskap.